Die doop word vanmôre bedien aan Hannah, babadogtertjie van Louis en Tilla Botha. Ons is saam met hulle en ouma Wilna Botha baie dankbaar. Baie welkom aan vriende en familie wat vandag saam met ons aanbid.

Tema: Moenie in jou doopwater verdrink nie - lewe heilig ooreenkomstig die heilige doop wat jy ontvang het!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 1-6: 1, 2, 3
Lied 168: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 159: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps. 105-1: 1, 21, 22, 23
Geloofsbelydenis: Dele uit NGB art 33

Ons verootmoedig ons voor God Wet
Fokus op die Tiende gebod HK Sondag 44
Sing as antwoord op die wet: Sb 9-1: 10, 11
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier uit NGB art 34; Vrae; gebed
bediening van die doop
Sing na die doop Lied 292: 2 (Kleuters na hulle bediening)

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
HK vrae en antwoorde: 66, 67, 68, 69, 70
Skriflesing: 1 Korintiërs 10: 1 – 22
Teksverse: 1 Korintiërs 10: 1 - 1 en 14
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 106-2: 1, 4, 6, 7
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wat het Hannah se doop vanmore aan jou gedoen? Het jy persoonlik iets daaruit geput? Het die doop jou aan iets herinner of jou iets geleer? Of het jy ook al tydens ŉ doopseremonie jouself betrap dat jy nie regtig betrokke daarby voel nie. Dit is mos nou eintlik iets wat met die dopeling en die ouers te doen het en die res van ons sit en wag geduldig dat dit verbygaan sodat ons by die preek kan kom.

Wel, as jy vanmore so gedink het, dan het jy reeds die preek gemis! Die Woordverkondiging is verby en ons kan eintlik nou maar huis toe gaan - as dit al sou wees waarvoor ons gekom het.

Want, br. en sr, die doop is mos eintlik ŉ preek! God leer ons in die Woord dat die sakramente – die doop en die Nagmaal - Woordverkondiging is. Sigbare handelinge wat ŉ baie duidelik boodskap gee! Die Kategismus beskryf dit in Sondag 25 as : "heilige, sigbare tekens en seëls om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël."

Hanna se doop vanmore het reeds die wonderlike beloftes van die Evangelie aan ons bevestig en het ons reeds opgeroep om met geloof daarop te antwoord! Die doop was die preek en die boodskap was baie ernstig! Daarom is ons nie maar net toeskouers by ŉ doop nie! Ons is deel daarvan – die doop is – net soos die Nagmaal - vir ons almal se geestelike toerusting bedoel! **Dis nie net ŉ handeling vir die dopeling en die ouers nie!**

Paulus gebruik in ons teksverse ook die doop as ŉ boodskap vir sy lesers en die tema van die "doop"-preek is: moenie in die doopbak verdrink nie! Nee, lewe heilig ooreenkomstig die heilige doop waarmee jy gedoop is!

En dit is ook die boodskap van Hannah se doop vir ons vanmore: ŉ mens kan in die doopwater verdrink – lewe heilig ooreenkoms die heilige doop waarmee jy gedoop is!

Kom ons vra die vraag: Hoekom noem ons die doop ŉ "heilige" sakrament of teken? (Verduidelik woord sakrament vir kinders)
Daar is drie redes!

Die doop is in die eerste plek "heilig" omdat dit deur God self ingestel is!
Die twee sigbare geestelike handelinge is nie deur mense in gestel nie – maar kom van God self af. Die wortels van die doop en die Nagmaal lê alreeds in die Ou Testament in die besnydenis en die Pasga wat in opdrag van God vir sy volk ingestel is.

In die Nuwe Testament het Christus die betekenis van daardie handelinge kom vervul toe Hy homself as offer in ons plek gegee het. Die offerlam is geslag en die bloedverbond is vervul. Daarom stel Jesus stel self - op grond van die Ou Testamentiese handelinge **- die doop en die Nagmaal in as sigbare tekens in om ons te help om te onthou dat ons**

redding alleen deur Hom verrig is! Elke keer as ek die doop sien dan verkondig dit Christus aan my! **Die doop gaan oor Christus en elke keer wanneer ek dit sien – sien ek Christus aan die kruis! Dis die wonderlike troos en hoop van die doop!**

Geliefdes, God skenk aan ons vergewing van ons sondes en die ewige lewe alleen omdat Christus Homself as offerlam in ons plek laat slag het! Ons word gered omdat ons in Christus glo en die sakramente leer ons dit en herinner ons daaraan! **Christus is die heerlike belofte van die Doop en deur in Hom te glo, word ons gered!** Dit word keer op keer vir my gepreek wanneer ek die doop sien! **Keer op keer kan ek met diep dankbaarheid vasgryp aan hierdie belofte van God en is dit my troos! In Christus is ek gered!**

Paulus gebruik in ons teksvers die redding van Israel uit Egipte as die metafoor vir hierdie redding en die deurtog deur die water van die Rooisee as metafoor vir die doop! God het uit genade in Christus die volk van ouds uit die slawerny van Egipte gered en daar by die Rooisee het hulle deur die water getrek en so die ou lewe in Egipte agtergelaat en die nuwe lewe as verbondsvolk van God begin! Die doopwater leer my nou dat ek ook alleen deur Christus gered word en deur Hom deel word van die volk van God!
Wat ’n wonderlike genade wat God aan ons bewys!

Die doop en net so die Nagmaal word in die tweede plek “heilig” genoem omdat dit net vir gelowiges bedoel is! Die doop is net vir gelowige ouers en hulle kinders bedoel! Met die doop - en met die nagmaal - trek God skeidslyn tussen dié wat aan Hom behoort en die wat nie aan Hom behoort nie! Die doop word nie aan enige babatjie as teken gegee nie – maar net aan die kinders van gelowige ouers –wat op grond van hulle verbond met God – hierdie kind gelowig moet groot maak! **Die Nagmaal word nie aan enige mens bedien nie – maar net aan gelowiges!**

Die doop bring skeiding tussen kerk en wêreld! Net soos wat die Rooisee skeiding tussen die Egiptenare en die volk van God gebring het. Dit is waarom die doopformulier in die gebed verwys na die Farao en sy manne wat in die Rooisee verdrink het, maar die volk wat op droë grond daardeur gelei is!

Petrus verwys ook in 1 Petrus 3 : 20 – 22 na hierdie skeiding tussen gelowiges en ongelowiges wat deur die doop afgebeeld word. Daar staan: “Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net ’n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. 21Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus. 22Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het” **Die doopgebed verwys ook hierna! Daar is skeiding!**

Brs en srs, met elke doop kan ek en jy God opnuut dank dat ons deel kan wees van sy kerk! Dat Hy ons en ons ouers die geloof geskenk het en dat elkeen van ons in ’n

lewende verhouding met Hom mag lewe! Dat ons al die voorregte en genade van kinders van God mag beleef – midde ŉ wêreld van sonde en verlorenheid!

Elke doop is opnuut vir my en jou ŉ oproep om dankie te sê! Dankie Here vir U genade dat ons hiervan deel kan wees! Dat ons uit genade gered is en dat ons hierdie seëning kan deel! Dat ons die sekerheid in ons harte het dat ons gered is en dat ons die ewige lewe sal beërwe!

geliefdes, die doop – en so ook die Nagmaal - is in die <u>derde plek ŉ</u> "heilige" sakrament omdat dit jou en my oproep tot ŉ heilige lewe! <u>Die doop is nie ŉ waarborg dat jy gered outomaties gered word nie!</u> Dit sê God baie duidelik uit die geskiedenis van Israel. Tot 5 keer word in ons teksverse word die woord "almal" herhaal. Die hele volk is deur die Rooisee as metafoor van die doop! Almal is daardeur – maar God was nie met almal tevrede nie!

In verse 6 – 10 gebruik Paulus die sondes van die volk tydens die woestynreis as voorbeeld van hulle ongehoorsaamheid en ondankbaarheid en daarom het baie van hulle in die woestyn gesterf as teken van God se oordeel oor hulle ongeloof! <u>Paulus gebruik dit as motivering tot bekering</u> vir die lidmate van Korinte wat ook nou in Christus deel aan die nuwe lewe!

Om die rede moet elkeen wat gedoop is en elkeen wat Nagmaal gebruik, in gehoorsaamheid aan God heilig lewe! "Heilig" omdat die doop simbolies wys dat ons sonde in Christus afgewas word, maar ons moet ons hele lewe teen hierdie "skoon" lewe leef! Die doop verwys juis na die Heilige Gees se werking in my lewe om dit wat Christus vir my verwerf het, deur geloof my eie te maak!

Br en sr, ons moet elke dag vra: hoe kan ek vandag waardig my doop lewe? Hoe maak ek in my verhouding met Christus en sy Gees vandag my lewe skoon deur nie myself oor te gee aan sonde en ŉ onheilige lewe nie!

Paulus verwys na vyf maniere waarop ons onheilig kan lewe! ŉ Onheilige lewe volgens ons sondige begeertes, afgodery, onsedelikheid, ontevredenheid en opstand teen God. **<u>Hannah se doop het vir ons vanmore gesê: bekeer julle hiervan!</u>**

As sondige begeertes nog in jou lewe die oorhand het, bekeer jou daarvan! Bid dat die Heilige Gees jou die nuwe lewe in Christus laat leef!
As jou oorgee aan een **of ander afgod in jou lewe**: iets of iemand wat jy belangriker ag as God, bekeer jou daarvan! Maak God alleen die koning van jou hart!

Moenie dat die onsedelike wêreld waarin ons ons bevind jou ook tot onsedelike gedagtes, woorde of dade beweeg nie! Moenie deelneem aan die siek perversiteit van ons samelewing wat oral aan ons opgedring word nie!
Moenie ontevrede wees met wat God jou gee nie! Dit was een van Israel se grootste oortredinge – God sorg vir hulle met water uit ŉ rots en manna uit die hemel – en tog was

hulle ontevrede en wou hulle meer gehad het! Is ek en jy tevrede met die manier waarop die Here vir ons sorg!
En laastens verwys Paulus na kere wat Israel hulle doelbewus teen die Here verset het en God hulle summier met die dood gestraf het!

Geliefdes, wie die nuwe lewe in Christus minag en nie uit die genade leef wat die doop vir ons teken en vir ons beloof nie, kan in die water van die doop verdrink! Soos Farao en sy manne, soos die ongelowiges in die tyd van Noag en soos die Israeliete wat nie in gehoorsaamheid aan God geleef het nie! Paulus wys die lidmate van Korinte herhaalde kere daarop: moenie sterker as God wil wees nie! Buig voor Hom!

Daarom roep Hannah se doop ons vanmore op: leef heilig waardig die heilige doop waarmee jy gedoop is! Gryp was aan Christus se redding, maar gryp ook vas aan die Heilige Gees om jou te lei in hierdie heilige lewe! Dat ons met opregte geloof dankbaar ons lewe "heilig" soos God dit wil hê en nie met volhardende ongehoorsaamheid 'n streep deur die doop trek nie!

Brs en srs: Hannah se "dooppreek" het ons vanmore kom troos met die genade in Christus vir almal wat glo! Maar haar doop het ons ook gewaarsku en opgeroep: lewe heilig waardig die doop waarmee jy ook gedoop is! Kom ons gaan leef dan so!

Amen